
Meridian agritech

# INFILTRATE



**WARNINGS**
**Allow the following number of days between last treatment and harvest or use as food or feed:**

Barley………………………………………………………………………………………….….7 days
Lucerne……………………………………………………………………………….……..7 days
Oats……………………………………………………………………………………….....52 days
Onions……………………………………………………………………………………....15 days
Wheat……………………………………………………………………………………..7 days

IMPORTANT: The recommended withholding period between last application and harvest meets local residue requirements, but may not meet export requirements. If the treated crop is intended for export, consult the relevant exporting organisation regarding MRL requirements and withholding periods. When this product is applied according to the label recommendations indicated below, the local MRL will not be exceeded. Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd T/A Meridian Agritech cannot, however, be held liable for export crops exceeding the import tolerances of other countries.

- Do not use cotton as feed within 50 days of application.
- When the addition of Narrow Range Distillation oil is called for, the oil must be registered in terms of Act 36 of 1947. It is imperative that the warnings and precautions on the label of the oil be taken into account when applying.
- Handle with extreme care.
- Poisonous when swallowed, inhaled or absorbed through the skin.
- **Toxic to fish, bees and wildlife. DO NOT** spray directly onto bees or when bees are active in crops. **DO NOT** spray into open blossoms.
- **Due to the toxicity to bees, DO NOT apply during the period: 15 days before flowering up to the end of flowering.**
- Do not use on warm-blooded animals or in houses.
- **Flammable** – do not store or spray near open flames.
- Store under lock and key in a cool place at temperatures not exceeding 40 °C, away from food, feeds, seed and fertilizers.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- **Re-entry** – Do not enter the treated area within 2 days after treatment, unless wearing protective clothing.
- **In case of poisoning, call a doctor and make this label available to him.**
- **Aerial application:** Notify all inhabitants in the immediate vicinity of the area to be treated and issue the necessary warnings. Do not spray over, or allow drift to contaminate, water or adjacent areas.
- **INFILTRATE** has been tested on some of the most important commercial cultivars without any phytotoxic effects. More susceptible cultivars may be released in future which will need to be tested; for this apply **INFILTRATE** to a limited test area before commercial applications are made.

**Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be effective under all conditions. The activity and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the pest against the remedy, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned due to failure by the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.**

**PRECAUTIONS**

- Do not inhale fumes or spray mist.
- Avoid skin and eye contact by wearing full protective clothing such as rubber gloves and boots and a face shield when handling the concentrate and dilute product.
- Wash with soap and water after use and accidental skin contact. Also wash contaminated clothing.
- Do not eat, drink or smoke while mixing or applying the product or before washing hands and face and changing clothes.
- Do not clear choked spray equipment by blowing with the mouth.
- Avoid drift of spray onto other crops, grazing, rivers, dams and areas not under treatment.
- Clean the applicator after use. Dispose of rinsate where it will not contaminate crops, grazing, rivers, dams and boreholes.

- Triple rinse the empty container in the following manner: Invert the container over the spray tank or mixing tank and allow to drain for at least 30 seconds after flow has slowed down to a drip. Thereafter, rinse the empty container three times with a volume of water equal to a minimum of 30% of that of the container. Add the rinsate to the contents of the spray tank or container used for drench application before destroying the container. Do not use the empty container for any other purpose.
- Destroy the empty container by burning or perforation and flattening and dispose of it in a safe way. It is recommended to bury the container at least 50 cm deep in the ground and at least 100 m away from a borehole or water source. Do NOT contaminate rivers by disposal. Open burning or dumping of the empty container and its contents are prohibited.
- **Never** re-use the empty container for any other purpose.
- Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils.

**SYMPTOMS OF HUMAN POISONING**

Symptoms may include: Nausea, headache, fatigue, faintness, giddiness, blurred vision and papillary constriction, vomiting, abdominal pain, diarrhoea, sweating, anxiety, muscle twitch beginning in the eyelids and tongue, respiratory distress and coma.

**FIRST AID**

**ALWAYS OBTAIN MEDICAL ASSISTANCE IMMEDIATELY**

- Remove the patient from the source of poisoning to a well-ventilated area and keep him / her calm and re-assured.
- **Skin contact:** Remove contaminated clothing and rinse contaminated body area thoroughly with plenty of soap and cold water. Do not rub the skin.
- **Eye contact:** Flush contamination out of eyes with clean running water for at least 15 – 20 minutes holding the eyelid/s open.
- **Ingestion:** If a water diluted mixture has been swallowed, induce vomiting by tickling the back of the throat. **Seek medical attention immediately. Do not** apply direct mouth – to – mouth respiration. **Never** give anything by mouth to an unconscious person.
- If concentrate has been swallowed: First give copious amounts of one of the following (if patient is alert and able): Beaten egg white, starch solution or Milk of magnesia before inducing vomiting. Repeat until the vomitus is clear and free of the smell of poison.
- Administer artificial respiration or closed chest cardiac massage if necessary.
- Do not apply direct mouth – to - mouth respiration.
- **Never** give anything by mouth to an unconscious person.

**NOTE TO PHYSICIAN**

Administer atropine as early as possible in an adequate dosage until signs of atropinisation (dry, flushed skin, tachycardia and pulse rate over 120 beats per minute) occur. In order to prevent gastrointestinal absorption in the unconscious that have swallowed this product, perform stomach lavage using bicarbonate solution and activated charcoal. In less severe cases, begin with 2 mg atropine intravenously for adults or 0.05 mg atropine / kg body weight for children under 12 years of age and repeat administration of the drug at 15 – 30 minute intervals. Repeat if necessary. **Morphine and similar drugs are contra-indicated.** Avoid aminoglycosides and succinylcholine, which have a blocking effect on the neuromuscular junction. Phenothiazines, reserpine and theophylline are contra-indicated.

**MODE OF ACTION**

Omethoate is a systemic insecticide with contact and stomach action. Omethoate is a cholinesterase inhibitor.

**RESISTANCE WARNING**

For resistance management, **INFILTRATE** is a group code 1B insecticide. Any insect population may contain individuals naturally resistant to **INFILTRATE** and other group code 1B insecticides. The resistant individuals can eventually dominate the insect population if these insecticides are used repeatedly. These resistant insects may not be controlled by **INFILTRATE** or any other group code 1B insecticide.

**To delay insecticide resistance:**

- Avoid the exclusive repeated use of insecticides from the same insecticide group code. Alternate or tank mix with registered products from different insecticide group codes.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into insect control programmes.
- The choice of products to be used during one growing season should take the resistance strategy into consideration.

Since the occurrence of resistance cannot be forecast, users are advised to keep treated crops under close observation. If treatment is not effective following the use of **INFILTRATE** as recommended, a resistant insect population may be present. If a resistant insect population is positively identified, consideration should be given to prompt use of an insecticide with a different mode of action for which there is no record of resistance to the relevant pest. For specific information on resistance management, contact the registration holder of this product.

**USE RESTRICTIONS**

- Do not apply **INFILTRATE** to any crop or situation not mentioned in this instruction leaflet.
- Only apply **INFILTRATE** using an accurate and safe application technique.
- If **INFILTRATE** is used in a tank mix with other recommended products, consideration should be given to the restrictions of those respective products.
- Do not apply this product in combination or tank mixture with any other product or agricultural remedy which is not specifically listed on this label. Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd accepts no responsibility for any negative effects experienced if the instructions on this label are not adhered to, unless a Meridian representative was consulted beforehand.

**DIRECTIONS FOR USE**
**Use only as directed.**

**COMPATIBILITY**

The compatibility of **INFILTRATE** with other products depends on the formulations of the respective products as well as the quality of the spray water to be used. As formulations change from time to time it is recommended that a physical compatibility test be done prior to the tank mixture being made.

- **INFILTRATE** is not compatible with Wettable Sulphur.

When **INFILTRATE** is used in conjunction with any other agricultural remedy, all **WARNINGS, PRECAUTIONS** and **DIRECTIONS FOR USE** mentioned on those particular product labels, must be adhered to.

**MIXING INSTRUCTIONS**

- Half fill the spray tank with clean water.
- Pour the required amount of the **INFILTRATE** concentrate into the water in the tank and mix thoroughly.
- Fill the spray tank with water to the required level while maintaining agitation to ensure thorough mixing of the spray mixture before the application commences.
- Tank mixtures must be sprayed out immediately and not allowed to stand in the spray tank overnight. Do not use brackish water. Application equipment must be thoroughly flushed out at the end of the spraying operation.
- Application of **INFILTRATE** should preferably be carried out on dry, windless days.
- Avoid drift onto adjacent fields where the spray drift might land on livestock or edible crops.

**APPLICATION METHODS**

**AERIAL APPLICATION**

Aerial application may only be done by a registered aerial application operator using a registered and correctly calibrated aircraft according to the instructions of SANS Code 10118 (Aerial Application of Agricultural Remedies). It is important to ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria be met:

**Equipment**
- Use suitable atomising equipment that will produce the desired droplet size and coverage of the target area and will ensure the minimum loss of product through drift.

- The operator must use a nozzle set-up that will produce a droplet spectrum with the lowest possible relative span.
- All nozzles and atomisers should be positioned within the inner 60-75% of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.

**Application Parameters**

- A minimum volume of 30 ℓ spray mixture per ha is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy nor be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerially at a lower volume rate than recommended.
- A droplet coverage of 25 – 35 droplets per square cm must be recovered at the target.
- A droplet spectrum with a VMD of 280 – 300 micron is recommended. Ensure that the production of fine droplets, with a VMD less than 150 microns, is restricted to a minimum.
- The height of the spray boom should be maintained at between 3 and 4m above the target.
- Do not spray when the aircraft is in a climb, at the top of a turn or during a dive or when banking.

**Meteorological Conditions**

- The difference between the wet and dry bulb readings, as determined using a whirling hygrometer, must not exceed 8 ºC.
- Do not spray under turbulent, unstable conditions or during the heat of the day when rising thermals and downdraughts occur.
- Do not spray under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions as this may cause:
    i. Reduced efficacy due to suspension and evaporation of small droplets in the air (Which leads to inadequate coverage).
    ii. Damage to other sensitive crops and/or non-target areas through drifting of the spray cloud away from the targeted area.
- Do not spray when the wind speed exceeds 15 km per hour.

**General**

- Ensure that fields are accurately marked and that the aerial spray operator knows exactly which fields to spray.
- Obtain an assurance from the aerial spray operator that the above requirements will be met and that the relevant data will be compiled in a logbook and kept for future reference.

**RECOMMENDATIONS**

| **CROP** | **DOSAGE RATE** | **REMARKS** |
|---|---|---|
| **Lucerne**<br>Aphid | 75 mℓ / ha | Apply as a high-volume full cover spray as soon as an infestation is noticed. Thereafter, repeat as necessary. |
| **Onions**<br>Thrips (*Thrips tabaci*) | 80 mℓ / 100 ℓ water | Apply at the first signs of thrips damage. An effective wetter / sticker should be added to the spray mixture in order to improve coverage and avoid excessive run-off. Do not apply less than 200 mℓ / 250 ℓ water / ha. Repeat at 7-10 day intervals for as long as necessary. Ensure to adhere to applicable resistance management guidelines. |
| **Wheat**<br>Green aphid (*Schizaphis graminum*) | 80 mℓ / ha | Apply in 200 – 300 ℓ water as soon as an infestation is noticed. Thereafter, repeat as necessary. Do not exceed a maximum of two applications per growing season. |

| | | |
|---|---|---|
| **Wheat, Barley and Oats**<br>Small grain Aphid<br>(*Rhopalosiphum padi*)<br><br><br><br><br><br><br>Red-legged earth mite | **Ground application**<br>80 mℓ / ha in<br>250 – 300 ℓ water<br><br>**Aerial application:**<br>100 mℓ / ha in<br>30 ℓ water<br><br><br>40 mℓ / ha | Apply as soon as an infestation is noticed.<br>Wheat: Do not exceed a maximum of two applications per growing season.<br>Barley and Oats: Do not exceed a maximum of one application per growing season.<br><br><br>Apply as a high-volume spray. Repeat as necessary. |

**WAARSKUWINGS**

**Laat die volgende aantal dae toe tussen laaste behandeling en oes of vir gebruik as voedsel of voer.**

Gars...…………………………………………………………………………………….….7 dae
Lusern..…………………………………………………………………………….……..7 dae
Hawer…………………………………………………………………………………….52 dae
Uie….……………………………………………………………………………………15 dae
Koring……………………………………………………………………………………7 dae

BELANGRIK: Die aanbevole onthoudingsperiode tussen laaste toediening en oes voldoen aan die vereistes vir plaaslike residuvlakke, maar mag dalk nie aan die vereistes vir uitvoere voldoen nie. Indien die behandelde gewas vir die uitvoermark bestem was, kontak die betrokke uitvoerliggaaam rakende die residu-vereistes (MRL) en onthoudingsperiodes. Indien die produk volgens die etiketaanbevelings toegedien is, sal dit nie die plaaslike residu-vlakke oorskry nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. H/A Meridian Agritech kan egter nie verantwoordelik gehou word vir uitvoergewasse wat die invoerlimiete van ander lande oorskry nie.

- Moenie katoen as voer binne 50 dae na toediening gebruik nie.
- Wanneer die byvoeging van Smalbestek Distillasie Olie vereis word, moet die olie kragtens Wet No.36 van 1947 geregistreer wees. Dit is uiters noodsaaklik dat alle waarskuwings en voorsorgmaatreëls op die etiket van die olie in ag geneem word wanneer die olie toegedien word.
- Hanteer uiters versigtig.
- Giftig wanneer ingesluk, ingeasem of deur die vel geabsorbeer word.
- **Giftig vir visse, bye en wildlewe. MOENIE** direk oor bye of wanneer bye aktief in gewasse werksaam is, spuit nie. **MOENIE** binne-in oop bloeisels spuit nie.
- **A.g.v. die giftigheid vir bye, MOENIE gedurende die volgende periode toedien nie: 15 dae voor blom tot aan die einde van blom.**
- Moenie op warmbloedige diere of in huise gebruik nie.
- **Vlambaar** – moenie naby oop vlamme opberg of naby oop vlamme spuit nie.
- Bêre agter slot-en-grendel in ‘n koel area waar temperature nie 40 °C oorskry nie, weg van voedsel, voer, saad en kunsmis.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- **Herbetreding** – Moenie behandelde gebied binne 2 dae na behandeling betree nie, tensy beskermende oorklere gedra word.
- **In geval van vergiftiging, kontak ‘n geneesheer en wys die etiket vir hom/haar.**
- **Lugtoediening** - Stel al die inwoners van die onmiddellike omgewing van die gebied wat gespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moenie bo-oor water of aangrensende areas spuit nie of toelaat dat spuitstof deur wegdrywing dit besoedel nie.
- **INFILTRATE** is sonder enige fitotoksiteitskade op die mees belangrike kommersiële kultivars getoets. Meer sensitiewe kultivars mag in die toekoms vrygestel word en dan moet **INFILTRATE** eers op klein skaal getoets word, alvorens groot kommersiële bespuitings gemaak word.

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder ’n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die plae teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van die toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige invloede op mens of dier of vir ’n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

**VOORSORGMAATREËLS**

- Moenie dampe of sproeinewel inasem nie.
- Vermy vel- en oogkontak deur beskermende klere soos rubberhandskoene, stewels en gesigmasker te dra wanneer die konsentraat of verdunde produk hanteer word.
- Was met seep en water na gebruik of met toevallige kontak. Was ook besoedelde klere.
- Moenie eet, drink of rook terwyl produk aangemaak of toegedien word nie, of voordat hande en gesig gewas is en skoon klere aangetrek is nie.
- Moenie geblokkeerde spuittoerusting met die mond oopblaas nie.

- Verhoed dat spuitnewel na ander gewasse, weidings, riviere, damme en areas nie onder behandeling oorwaai nie.
- Maak die toedieningsapparaat deeglik skoon na gebruik. Raak ontslae van die waswater waar dit nie gewasse, weidings, riviere, damme en boorgate sal besoedel nie.
- Spoel die leë houer drie keer uit op die volgende manier: Keer die leë houer om oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloei tot 'n drup verminder het. Spoel die leë houer daarna **drie keer** uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 30% van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word. Moenie die houer vir enige ander doel gebruik nie.
- Vernietig die houer deur dit te verbrand of gate daarin te maak en plat te maak en op 'n veilige manier daarvan ontslae te raak. Dit word aanbeveel om die houer ten minste 50 cm diep in die grond en ten minste 100 m ver van 'n boorgat of waterbron te begrawe. MOENIE riviere tydens wegdoening besoedel nie. Oop verbranding of storting van die leë houers en die inhoud daarvan is verbode.
- Die leë houer mag **nooit** vir enige ander doel gebruik word nie.
- Verhoed besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

**SIMPTOME VAN MENSLIKE VERGIFTIGING**

Simptome mag die volgende insluit: Naarheid, hoofpyn, moegheid, flouheid, duiseligheid, belemmerde sig, verkleinde pupille, braking, maagpyn, maagwerking, sweet, angstigheid, spiertrekkings beginnende in die ooglede en tong, asemhalingsnood en koma.

**NOODHULPBEHANDELING**

**VERKRY ALTYD ONMIDDELLIK MEDIESE BYSTAND**

- Verwyder die pasiënt vanaf die oorsaak van die vergiftiging na 'n goed-geventileerde area en hou persoon kalm en rustig.
- **Velkontak:** Verwyder besoedelde klere en spoel besmette liggaamsdele met voldoende seep en koue water. Moenie die vel hard vryf nie.
- **Oogkontak:** Spoel die kontaminasie uit oë met skoon lopende water vir ten minste 15 – 20 minute terwyl die ooglede oopgehou word.
- **Ingesluk:** Indien die waterverdunde oplossing ingesluk word, induseer braking deur die agterste gedeelte van die keel te prikkel. **Verkry onmiddellik mediese aandag. Moenie** mond-tot-mond asemhaling toepas nie. Moet **nooit** iets per mond aan 'n bewustelose persoon gee nie.
- Indien konsentraat ingesluk is: Eerstens moet groot hoeveelhede van een van die volgende ingegee word (indien pasiënt wakker en bevoeg is): Geklitste eierwit, styseloplossing of Melk van magnesium, voordat braking geïnduseer word. Herhaal hierdie totdat braaksel helder is en nie meer na gif ruik nie.
- Pas kunsmatige asemhaling of geslote hartmassering toe indien dit nodig is.
- Moet **nooit** iets per mond aan 'n bewustelose persoon gee nie.

**NOTA AAN GENEESHEER**

Dien atropien so vroeg moontlik toe in voldoende dosisse totdat tekens van atropinasie (droë, gloeiende vel; hartversnelling en polsslag oor 120 slae per minuut) voorkom. Om gastro-intestinale absorbsie in die bewustelose persoon, wat die produk ingeneem het, te verhoed, moet maagspoeling met bikarbonaatoplossing en geaktiveerde koolstof gedoen word. In minder ernstige gevalle, begin met 2 mg atropien binne-aars vir volwassenes of 0.05 mg atropien/kg liggaamsgewig vir kinders onder die ouderdom van 12 jaar en herhaal die toediening met 15 – 30 minute intervalle. Herhaal indien nodig. **Morfien en soortgelyke middels is teenaanduidend.** Vermy aminoglikosiedes en suksinielcholien, wat 'n blokkerende effek op die neuromuskulêre aansluiting het. Fenotiasienes, reserpien en teofillien is kontra-indikatief.

**METODE VAN WERKING**

Ometoaat is 'n sistemiese insekdoder met kontak- en maagaksie. Ometoaat is 'n cholienesterase inhibeerder.

**WEERSTANDSWAARSKUWING**

Vir weerstandsbestuur is **INFILTRATE** 'n groepkode 1B insekdoder. Enige insekpopulasie mag individue bevat wat natuurlike weerstand teen **INFILTRATE** of enige ander groepkode 1B insekdoder het. Die weerstandbiedende individue kan uiteindelik die insekpopulasie oorheers as hierdie insekdoder

herhaaldelik aangewend word. Hierdie weerstandbiedende insekte sal waarskynlik nie deur **INFILTRATE** of enige ander groepkode 1B insekdoder beheer word nie.

**Om weerstand teen insekdoders te vertraag:**

- Vermy die eksklusiewe en herhaaldelike gebruik van insekdoders in dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van, produkte in verskillende insekdodergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in insekdoderprogramme.
- Die produkkeuses wat gedurende 'n groeiseisoen gebruik gaan word, moet die weerstandstrategie in ag neem.

Aangesien die voorkoms van weerstandbiedendheid moeilik is om te bepaal, is dit uiters belangrik om die behandelde gewasse noukeurig te ondersoek. Indien die behandeling nie effektief was met die gebruik van **INFILTRATE** soos voorgeskryf nie, mag daar 'n weerstandbiedende-populasie teenwoordig wees. Indien so 'n weerstandbiedende-insekpopulasie positief geïdentifiseer word, moet daar onmiddellik 'n insekdoderbespuiting wat 'n ander werkswyse het, waar daar geen bewys van weerstand teen die insek voorkom, gedoen word. Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur, kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

**GEBRUIKSBEPERKINGS**

- Moenie **INFILTRATE** op enige gewas of situasie aanwend wat nie in die voorskrifetiket verskyn nie.
- Dien **INFILTRATE** slegs toe met 'n akkurate en veilige toedieningstegniek.
- Indien **INFILTRATE** in 'n tenkmengsel met ander aanbevole produkte gebruik word, moet oorweging aan die beperkings van hierdie betrokke produkte geskenk word.
- Moenie hierdie produk in kombinasie of tenkmengsel met enige ander produk of landboumiddel gebruik wat nie spesifiek op hierdie etiket gelys is nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige negatiewe gevolge indien die instruksies op die etiket nie nagekom word nie, tensy 'n Meridian verteenwoordiger vooraf geraadpleeg is.

**GEBRUIKSAANWYSINGS**
**Gebruik slegs soos aangedui.**

**VERENIGBAARHEID**

Die verenigbaarheid van **INFILTRATE** met ander produkte sal van die formulerings van die onderskeie produkte afhang, asook van die kwaliteit van die verdunningswater wat gebruik word. Soos formulerings van tyd tot tyd verander, is dit raadsaam om eers 'n fisiese verenigbaarheidstoets te doen, voordat tenkmengsels gemaak word.

- **INFILTRATE** is nie met Benatbare Swael verenigbaar nie.

Indien **INFILTRATE** met ander landbouprodukte gemeng word, moet alle **WAARSKUWINGS**, **VOORSORGMAATREËLS** en **GEBRUIKSAANWYSINGS** soos dit op daardie betrokke etikette verskyn, gevolg word.

**MENGINSTRUKSIES**

- Vul die spuittenk halfvol met skoon water.
- Voeg die verlangde hoeveelheid **INFILTRATE** in die spuittenk en meng dit deeglik.
- Maak die spuittenk tot by die verlangde volume vol terwyl roering deurgaans plaasvind om te verseker dat deeglike vermenging voor bespuiting plaasvind.
- Tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om in die spuittenk oornag te staan nie. Moenie brakwater gebruik nie. Spuittoerusting moet deeglik uitgespoel word aan die einde van die spuitproses.
- Toediening van **INFILTRATE** moet verkieslik op 'n droë windstil dag uitgevoer word.
- Verhoed wegdrywing van spuitnewel na aangrensende lande waar dit dalk op lewendehawe en eetbare gewasse kan beland.

**TOEDIENINGSMETODES**

**Lugtoediening**

Lugtoediening mag slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural

Remedies) gedoen word. Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is dus belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

**Toerusting**
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar wat die minste verlies van produk deur wegdrywing sal verseker.
- Die operateur moet 'n spuitkopstelsel opstel wat 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe spanwydte sal produseer.
- Al die spuitkoppe en atomiseerders moet in die binneste 60 - 75% van die vlerkspan geplaas word om te verhoed dat die die druppels binne-in die vlerkvorteks inbeweeg.

**Toedieningsvereistes**
- 'n Minimum volume van 30 ℓ spuitmengsel per hektaar word aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie teen 'n verlaagde volume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effek indien hierdie produk teen 'n laer volume as hierbo aanbeveel, uit die lug toegedien word nie.
- 'n Druppelbedekking van 25 - 35 druppels per vierkante cm moet op die teikenarea herwin word.
- 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 280 - 300 mikron word aanbeveel. Verseker dat die produksie van fyn druppels (kleiner as 150 mikron) tot 'n minimum beperk word.
- Die hoogte van die spuitbalk moet tussen 3 en 4 meter bokant die teiken gehandhaaf word.
- Moet nie spuit wanneer die vliegtuig besig is om te klim, te draai, te duik, of terwyl dit uitklim nie.

**Meteorologiese Toestande**
- Die verskil tussen die nat- en droëbollesing, soos met 'n swaaihigrometer bepaal, moet nie 8°C oorskry nie.
- Moenie tydens turbulente, onstabiele toestande, of gedurende die hitte van die dag wanneer stygende en dalende konveksie-windbewegings plaasvind, toedien nie.
- Moenie tydens temperatuur-inversie-toestande (deur bokant of binne-in die inversielaag te spuit) en/of gedurende hoë humiditeitstoestande toedien nie, aangesien dit kan lei tot:

    i. Verlaagde effektiwiteit a.g.v. suspensie of verdamping van klein druppels in die lug (wat tot onvoldoende bedekking op teikenarea lei).
    ii. Skade aan ander sensitiewe gewasse en/of nie-teikenareas deur wegdrywing van die spuitwolk vanaf die teikenarea.

    - Moet nie spuit wanneer die windspoed 15 km per uur oorskry nie.

**Algemeen**
- Verseker dat die lande akkuraat gemerk is en dat die spuitoperateur presies weet watter lande gespuit moet word.
- Verkry die versekering van die spuitoperateur dat aan die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat al die relevante data in 'n logboek aangeteken word vir toekomstige verwysing.

**AANBEVELINGS**

| GEWAS | DOSIS | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| **Lusern**<br>Plantluise | 75 mℓ / ha | Dien toe as 'n hoë volume voldekbespuiting sodra besmetting waargeneem word. Herhaal indien nodig. |
| **Uie**<br>Blaaspootjies (*Thrips tabaci*) | 80 mℓ / 100 ℓ water | Begin bespuitings met eerste tekens van skade. Voeg 'n effektiewe benatter/kleefmiddel by die spuitmengsel om beter bedekking te verseker en oormatige afloop te verhoed. Moenie minder as 200 mℓ / 250 ℓ water / ha toedien nie. Herhaal met 7-10 dag intervalle soos dit nodig is. Verseker dat by toepaslike weerstandsriglyne gehou word. |

| | | |
|---|---|---|
| **Koring**<br>Koringluis (*Schizaphis graminum*) | 80 mℓ / ha | Dien in 200 – 300 ℓ toe sodra besmetting waargeneem word. Hierna, herhaal indien nodig. Moenie 'n maksimum van 2 toedienings per groeiseisoen oorskry nie. |
| **Koring, Gars en Hawer**<br>Kleingraanplantluis (*Rhopalosiphum padi*)<br><br><br><br><br><br><br><br>Rooipootsandmyt | **Grondtoediening:**<br>80 mℓ / ha in<br>250 – 300 ℓ water<br><br>**Lugtoediening:**<br>100 mℓ / ha in<br>30 ℓ water<br><br><br>40 mℓ / ha | Dien toe sodra eerste tekens van besmetting waargeneem word.<br><br>Koring: Moenie 'n maksimum van 2 toedienings per groeiseisoen oorskry nie.<br><br>Gars en Hawer: Moenie 'n maksimum van 1 toediening per groeiseisoen oorskry nie.<br><br>Dien toe as 'n hoë-volume bespuiting. Herhaal indien nodig |